



# NG Kerk Montana

• Veronicaweg 300, Montana, Pretoria. 0182  
• Tel: 012 534 3377 • E-pos: admin@ngmontana.co.za

Mei 2025

Lieve Gemeentelid

Ons groet u in die Naam van die Drie-Enige God. Ons Vader, Jesus Christus sy Seun ons Verlosser, en die Heilige Gees ons Vertrooster en inspirasie, seën ons met Sy liefde en genade!

In ons gemeente het ons twee groot fondsinsamelings per jaar: die 10e Dankoffer en die Feeste. Die 10e Dankoffer word elke jaar aan die einde van Mei geloods en gaan voort tot aan die einde van Februarie van die volgende jaar.

Met Tiende Dankoffer bedoel ons 'n dankoffer waar elke lidmaat probeer om bo en behalwe sy/haar maandelikse bydrae, (eenmalig of soos dit vir u moontlik sou wees) 'n tiende van sy/haar maandelikse inkomste sal afstaan aan ons Here se werkzaamhede. U dankoffer is 'n saak van verantwoordelikheid tussen u en die Here.

Die Tiende Dankoffer het in die vorige finansiële jaar R684 961 opgelewer teenoor die begrote bedrag van R800 000. Vir die 2025/2026 finansiële jaar neem ons die vrymoedigheid om vir 'n bedrag van R750 000 te begroot en pak hierdie poging saam met u in geloof aan.

Hierdie skrywe word aan u elektronies gestuur, op ons webblad geplaas, asook in die aftree-oorde aan u beskikbaar gestel.

U word hiermee vriendelik versoek om u 10e dankoffer elektronies in die gemeente se bankrekening oor te betaal. Die bankbesonderhede is op die webwerf en elektroniese afkondigings beskikbaar. Merk die spesiale dankoffer asseblief met die verwysing: *10e dankoffer*. U kan ook u bydrae in 'n koevertjie plaas en dit dan aan u dienswerker (aftree-oorde) besorg.

Ons wil u verseker dat die NG Montana se Gemeenteraad in biddende afhanklikheid rentmeesters van God se genadegawes wil wees. Bid asseblief saam met ons dat daar genoegsame fondse beskikbaar sal wees om God se saak te dien en dat elkeen sal bydra met vrymoedigheid en volgens elkeen se vermoë.

Ons groet U in die Naam van Jesus Christus en bid u Sy seën toe.

Johan Müller

VOORSITTER: FINANSIËLE BESTUURSGROEP